Maandag
2 Sam. 19: 9 – 38; Rom. 13: 1 – 9. Teks 2 Samuel 19: 32 “Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie? Tema Jesus Christus se kerk laat 'n koning seker wees hy is koning. ’n Koning wat ’n gemeenskap en land weer opbou na ’n burgeroorlog! Dit is wat vir ons in 2 Sam. 19 berig word. Dawid se seun Absalom wou sy eie pa doodmaak en homself deur ’n rewolusie koning maak. Die rewolusie het misluk in ’n veldslag teen Dawid se weermag. Dawid moet nou weer die gemeenskap wat teen hom ’n rewolusie gevoer het, herenig en land wat die rebelle verniel het, weer opbou. Die geloof waarin Dawid optree stel hy teenoor van sy ondersteuners wat wil hê hy moet godsdienstige wraak op die rewolusionêres neem: “Mag iemand vandag in Israel dood gemaak word? Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie?” Dawid mag elke rewolusionêr doodmaak, want hulle het hoogverraad gepleeg. Dit was die koningsreg en gewoonte in die Ooste dat rebelle doodgemaak word. Dawid tree nie uit die koningsreg of tradisie op nie, maar uit sy geloof in die Here en sy geloof aan die vol van die Here, Israel. Met Dawid se verklaring dat hy uit die sekerheid dat hy koning is optree en nie uit die onsekerheid oor sy mag, sy mag wil afdwing met geweld nie, bely hy sy geloof dat dit die Here is wat hom as koning aangestel, bewaar en beskerm het en lei. God het hom in sy amp aangestel en daarom is Dawid seker dat hy koning is. Hy hoef nie sy mag te bewys deur geregtigheid en geweld nie. Dit is uit hierdie geloof in God waarmee Dawid nou die gemeenskap weer herenig en die land weer begin opbou na die rewolusie waarmee sy seun Absalom hom uit Jerusalem laat vlug het en die land in opstand gebring het om ’n burgeroorlog te voer. Dawid vind in God se salwing die sekerheid om die koning te wees wat ’n verskeurde gemeenskap weer kan herenig en ’n vernielde land weer kan opbou. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za
Ds. Petrus

Dinsdag
2 Sam. 19: 9 – 38; Rom. 13: 1 – 9. Teks 2 Samuel 19: 32 “Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie? Tema Jesus Christus se kerk laat 'n koning seker wees hy is koning. Uit sy geloofsvertroue doen Dawid vier dinge wat teen alle verwagtings en gebruike ingaan! Eerstens trek hy nie Jerusalem na sy oorwinning met ’n militêre oorwinningsoptog binne om homself weer koning te maak en om met ’n veldtog te begin om die wat die rewolusie gelei en aangevuur het te vang of te onderdruk nie. Hy wag doodeenvoudig in die buiteland oorkant die Jordaan rivier. Met die sekerheid dat sy gesag deur God herstel en bevestig is gee hy die gemeenskap tyd om self hulle benarde posisie te ontdek en hul ontnugtering te kan verwerk. Hulle rewolusionêre drome is aan flarde, hulle rebelle-koning is dood, hulle is nou misdadigers en nie meer politieke vryheidsvegters nie, en hulle is skuldig onder die wet van die land aan hoogverraad. Boonop is die koning wat hulle wou doodmaak die koning wat nou oor hulle lot moet besluit. Deur só te wag gee Dawid hulle geleentheid om tot verhaal te kom en self te besluit om hom weer as koning terug te roep. Hy gryp nie die mag terug nie maar wag om weer deur die rebelle weer as koning verkies te word. Só tree ’n koning op wat weet God laat hom koning wees! Die tweede geloofsdaad is om Amasa, die generaal wat die rewolusie teen Dawid gelei het, aan te stel as die hoof van die nuwe herenigde weermag in die plek van Joab wat die rebelle weermag verslaan het. Dawid voer nie ’n suiwerings-skrikbewind teen sy vyande nie om hulle met ondersteuners te vervang nie. In vandag se taal klink dit só: geen kaderontplooiing in die staatsdiens nie. Só tree ’n

koning op wat weet God het hom koning gemaak. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
2 Sam. 19: 9 – 38; Rom. 13: 1 – 9. Teks 2 Samuel 19: 32 “Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie? Tema Jesus Christus se kerk laat 'n koning seker wees hy is koning. Die derde wyse waarop Dawid uit geloofsoortuiging optree is om geen godsdienstige onderdrukking van sy vyande toe te laat nie, maar ŉ algemene amnestie te verklaar. Simeï vra dat Dawid om hom nie die misdaad teen om Dawid te vervloek, te beledig en toe te gesnou het dat God Dawid straf vir sy bloedvergieting van Saul se koningshuis, te moet toereken nie. Volgens Simeï was Dawid se onttroning en vlug vir sy lewe God se geregtigheid vir Dawid se sondes. Abisai, Dawid een van Dawid se veggeneraals, wou weer as geestelike geregtigheid Simeï dood maak vir sy lastering van Dawid as God se gesalfde koning. (2 Sam. 16: 5 – 14) Nou vra Abisai weer dat Simeï dood gemaak moet word omdat God se gesalfde vervloek het. (2 Sam. 19: 21) Abisai wil God se geregtigheid laat geskied oor Simeï se lastering teen God se gesalfde. Hy moet gemeenregtelik boet vir sy sonde teen God. Wat doen Dawid? Hy gee ŉ algemene amnestie sonder enige sonder enige godsdienstige geregtigheid oor die sonde wat teen hom en die gemeenskap gepleeg is. ŉ Amnestie sonder enige sondeskuld, sonde-vergoeding en sondestraf deur Dawid. Hiermee doen die Dawid weer die geloofsbelydenis wat hy in 2 Sam. 16: 12 gedoen het: dit is God wat my vir die mag van die rewolusie laat vlug en God wat my mag weer sal herstel. Daarmee ontken Dawid enige magsgreep van enige oortreder teen hom om sy doel en taak wat God vir hom het, van hom te vervreem. Dit is inhoudelik dieselfde geloofsbelydenis wat Josef teenoor sy broers se misdade en versoek om vergifnis gedoen het: “Julle het kwaad teen my beplan, maar God het dit vir iets goeds in gedagte gehad met die doel om te doen wat vandag gebeur ...”  Gen. 50: 20. Só tree ŉ koning op wat weet God maak hom koning vandag – hy doen die goeie waarvoor God die kwade gebruik het en glo nooit dat sy vyande God se doel van hom ontneem het nie. Dawid verwerp die versoeking om godsdienstige geregtigheid toe te pas op die kwaad van sy vyande, en gee ŉ algemene amnestie tot hereniging van die gemeenskap en heropbou van die land. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
2 Sam. 19: 9 – 38; Rom. 13: 1 – 9. Teks 2 Samuel 19: 32 “Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie? Tema Jesus Christus se kerk laat 'n koning seker wees hy is koning. Vierdens maak Dawid sy eie foute wat hy in die hitte van die rewolusie gemaak het reg tot voordeel van elkeen. Mefiboset, Dawid se boesemvriend se seun, se plaasbestuurder, Siba, het Dawid tydens die rewolusie ondersteun, maar doelbewus sy werkgewer belaster en verdag gemaak. Dawid het Siba geglo, Mefiboset onteien en die grond vir Siba gegee. Dit was ŉ oordeelsfout. Mefiboset wys Dawid nou op die regte feite en Dawid sien dadelik sy oordeelsfout raak. Hy gee helfte van die grond aan Mefiboset terug met die opdrag dat Siba weer as plaasbestuurder tot voordeel van Mefiboset moet boer. Só regeer ŉ koning wat weet hy is koning tot voordeel van die hele gemeenskap: hy herstel sy foute op so wyse dat elkeen bevoordeel word. Dan gebeur iets besonders in die persoon van Barsillai. Barsillai verteenwoordig die geloofsgemeenskap wat vir Dawid die ondersteuning tydens die rewolusie gegee het sodat hy kon weet hy is steeds die koning. Hy was oud en baie ryk en het Dawid en sy weermag in die buiteland van

kos voorsien. Nou wil Dawid hom beloon vir sy ondersteuning deur hom as ou man in die paleis te versorg. Barsillai se antwoord wys sy geloof: wat hy gedoen het was uit die geloof dat God Dawid as koning aangestel het en nie om daarvoor beloon te word nie. Hy wil nie vereer en begunstig word nie. Hy wil met sy eie gesin wees en by hulle sterf, maar gee vir Dawid die volgende geslag dienaars in die persoon van Kinham sodat Dawid steeds koning kan wees.  Só tree gelowiges op: hulle diens aan die koning is volgens hul geloof hul plig en nie ʼn spel vir gunste en belonings nie. ʼn Koning wat weet hy is koning deur die ondersteuning van ʼn geloofsgemeenskap wat sy amp as instelling van God glo! So koning regeer sonder suiweringsveldtogte in die staat, sonder godsdienstige onderwerping, herstel sy eie foute en ontvang gesag sonder om dit te gryp. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
2 Sam. 19: 9 – 38; Rom. 13: 1 – 9. Teks 2 Samuel 19: 32 “Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie? Tema Jesus Christus se kerk laat 'n koning seker wees hy is koning. Só moet ons Romeine 13 hoor! Ons as kerk van die Here is die gemeenskap waar die koning kan weet hy is vandag koning. Ons glo dat God die amp van die regeerder skep en self beskik wat in die amp wat God skep, dien. Ons glo nie dat ons konings maak en breek nie en hulle ons daarom moet beloon vir ons diens in die gemeenskap en ons gehoorsaamheid aan die owerheid nie. Ons en ons kinders, (Net soos Barsillai en Kinham as die volgende geslag) Ons leef in die gemeenskap uit ons geloof dat God konings aanstel en ontslaan. Ons is nie die valse kerk van Abisai wat die vegter vir godsdienstige geregtigheid is nie. (2 Sam. 19: 21) ʼn Kerk wat deur staatsmag mense vir hulle sondes wil straf en onderwerp aan die mag van die koning! Dawid het hierdie versoeking vir godsdienstige geregtigheid deur die staat verwerp as boos. Dit is net soos die Satan die Here Jesus Christus versoek het. Hierdie ingesteldheid om godsdienstige geregtigheid te laat geskied deur die staat, is niks anders as die goddelose magshouding waarmee alle nasies mense godsdienstig wil onderwerp: my vriend se vriend is my vriend, en my vyand se vriend is my vyande. Hierdie geestelike magsdrif kan nooit ʼn verskeurde gemeenskap herenig of ʼn vernielde land weer opbou nie. Dit is net voortdurende geweld en onderwerping in die naam van godsdienstige geregtigheid. Ons as kerk van die Here is die gemeenskap waar die koning vandag kan weet hy is die koning, nie omdat ons vir die koning stem of geestelike vegters is nie, maar omdat ons glo God stel konings aan. Dit is vir ons ʼn gewetensaak teenoor God. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
2 Sam. 19: 9 – 38; Rom. 13: 1 – 9. Teks 2 Samuel 19: 32 “Weet ek dan nie dat ek vandag koning van Israel is nie? Tema Jesus Christus se kerk laat 'n koning seker wees hy is koning. Die kerk van die Here veg nooit vir godsdienstige geregtigheid nie! Nie om dit te verkry nie en nie om dit op te rig nie. Hulle is deur Jesus Christus vir God geregverdig. Dit is die tema en uiteensetting van die hele boek Romeine: “Want daarin word geopenbaar dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus, soos daar geskryf staan: “Die regverdige op grond van geloof sal leef.” (Rom. 1: 17) God maak ons vir sy liefde en diens reg deur Christus, nie om aktiviste en vegters vir geregtigheid te wees nie. Die valse kerk van Abisai ( 2 Sam. 19: 21) is die kultus wat altyd vir God se geregtigheid veg en mense aan God se geregtigheid onderwerp deur die mag van regerings. In ons eie gemeenskap het ons ʼn uitstaande

voorbeeld. Met die rewolusionêre stryd in Suid Afrika was dit veral die kapelane in die weermag wat vir God se geregtigheid geveg het teen Kommunisme. In God se Naam en met die mag van die regering het hulle Christene laat veg teen die ongeregtighede van Kommunisme. Toe die regering verander het was dit hierdie tipe geestelikes wat weer begin veg het vir geregtigheid teen die ongeregtighede van die apartheid van die verlede. Nou moes mense hulle weer aan aan God se geregtigheid teen apartheid onderwerp. Die siniese werklikheid van hierdie geestesbedryf is dat al die geestelikes wat geveg het vir God se geregtigheid teen apartheid, nou weer ʼn ommeswaai gemaak het. Nou wil hulle weer die hele kerk mobiliseer om te veg vir geregtigheid in die verval van die gemeenskap en ekonomie vir die liberale demokrasie teen die huidige regering. Christene veg nie om hulle self of om ander mense reg te kry nie. Christene is deur Jesus Christus vir God uit genade reg gemaak. Hulle het geregtigheid as gawe ontvang. Hulle getuig oor hierdie gawe en baklei nie om mense reg te maak nie. Hulle dien in liefde volgens God se wet en só is hulle die gemeenskap waar ʼn koning vandag kan weet hy is die koning. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus